



# HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

## Nuusbrief Newsletter

27 | 2024  
29 | 11 | 2024

### BELANGRIKE DATUMS

Ma, 2 Des: Kontroliering van antwoordskrifte (8:30 – 9:30)  
Thu, 5 Dec: Progression and Promotion of learners' marks  
Di, 10 Des: RAAF konsert (OOV-fondsinsameling)  
Wed, 11 Dec: Learners collect reports (8:30-9:30)  
School closes for learners  
Vry, 13 Des: Skool sluit (opvoeders)

### PERSONEEL

#### PERSONEEL BETROKKE BY MERK VAN NSS-VRAESTELLE

Hoërskool Bredasdorp spog vanjaar met 7 NSS-nasieners!

Hierdie onderwysers sal gedurende Desember die graad 12-nasionale eksamenvraestelle in Kaapstad nasien. Ons is bevoorreg om hulle as onderwysers by die skool te hê, aangesien waardevolle kennis tot voordeel van ons leerders verkry word.

Dankie vir jul groot opoffering en toewyding aan die leerders. Ons waardeer julle!

### GELUKKIGE VERJAARSDAG

1 Des: Sophia Oosthuizen (algemene assistent)  
8 Des: Mnr Piet Jacobs (algemene assistent)



### NUWE BL-LEDE

Baie geluk aan mnr Francois van Jaarsveld en mev Bridget Salo wat tydens die tussenverkiesing van 28 November tot die beheerliggaam vir 2025-2026 verkies is. Baie dankie vir jul bereidwilligheid om jul tyd, kennis en kreatiwiteit ten bate van elke BD aan te wend.

Mnr. Christopher  
**VAN NIEKERK**

**SENIOR MERKER**

✓ Besigheidstudies  
Vraestel 2

Hoërskool  
**BREDASDORP**  
High School

Me. Alliesha  
**ODENDAAL**

**MERKER**

✓ Geografie  
Vraestel 2

Hoërskool  
**BREDASDORP**  
High School

Me. Elza  
**OLIVIER**

**MERKER**

✓ Lewenswetenskappe  
Vraestel 1

Hoërskool  
**BREDASDORP**  
High School

Me. Nuwle  
**VAN DER WALT**

**MERKER**

✓ Afrikaans Huistaal  
Vraestel 3

Hoërskool  
**BREDASDORP**  
High School



### CONNECT TO THE COMMUNITY

The grade 10 learners collected clothes as part of our community project. They handed it in to the ACVV. Thank you so much for your caring hearts!

On the photo is Palesa Namise (left), the ACVV representative and Evah Meyer.

Me. Liezel  
**VAN SCHALKWYK**

**MERKER**

✓ Afrikaans Huistaal  
Vraestel 1

Hoërskool  
**BREDASDORP**  
High School

Me. Danelle  
**VAN NIEKERK**

**SENIOR MERKER**

✓ Wiskunde  
Geletterdheid  
Vraestel 1

Hoërskool  
**BREDASDORP**  
High School

Me. Ella  
**SCHOEMAN**

**MARKER**

✓ English FAL  
Paper 2

Hoërskool  
**BREDASDORP**  
High School



## MATRIEKS 2024 VOLTOOI NSS-EKSAMEN

2024 se NSS-eksamen het uiteindelik tot 'n einde gekom. Die eindeksamen het op 21 Oktober begin en ons matrikulante het op 25 November amptelik hulle skoolloopbaan voltooi met die aflê van Afrikaans Vraestel 2 (Voorgeskrewe). Groot was die oomblik toe hulle buite die saal deur hulle ouers en voogde ingewag is. Inderdaad 'n lekker verrassing, waar vreugde en tranes gemeng het om dié groot mylpaal in hulle lewens te vier. Mooi loop, matriekklas van 2024.

Die NSS-uitslae word op 16 Januarie 2025 bekendgemaak.



## SEA-EVALUASIE TOEKENNING

Die skool is in Augustus vir twee dae deur 'n onafhanklike SEA (School Evaluation Authority) geëvalueer.

Mnr Retief het op Saterdag, 23 November, 'n toekenning van die provinsiale Minister van Onderwys, mnr David Maynier, vir die skool se uitstekende evaluasiepunte, ontvang.



Vlnr: Mnr M Retief, waarnemende hoof van Laerskool Swellendam, Mnr D Maynier (minister), Mnr J Pieterse (kringbestuurder), Mnr J Vermeulen (skoolhoof Laerskool Bredasdorp), Mnr D Millar (SEA direkteur)



**JAARTEMA:  
CONNECT**

**KWARTAALTEMA  
Connect Community**



## BORGE-ONTBYT

Hoërskool Bredasdorp se borge en donateurs is op 20 November tydens 'n borgefunksie met 'n heerlike ontbyt vir hul ondersteuning van die BD's op verskeie terreine, bedank:

Mnr Thys Kriel is aangewys as die borge-koördineerder vir 2025 en aan die borge voorgestel.

Baie dankie aan elke borg, donateur en persoon wat ons gedurende 2025 ondersteun het. U hulp stel die BD's in staat om op vele terreine uit te blink.



Kontantkroeg beskikbaar.  
Besprekings: Dot du Toit  
**062 132 0807**

## KULTUUR



## MALIENKE MAG MAAR SKRYF

Tydens die gala-aand van Ink (jaarlikse skryfwedstryd van Bloemfontein Skrywersvereniging) op 9 November in Bloemfontein, is aangekondig dat Malienke van Wyk (gr 9) se kortverhaal opgeneem is in Inkspraak 5. Nóg 'n groter vreugde is dat sy, uit 146 kortverhale, 'n skitterende vierde plek vir Jeugliteratuur behaal het.

Ons is opreg trots op hierdie puik prestasie, Malienke!



## SCHOOL BAGS

An excellent BD school bag is already available at the tuck shop at R670 per bag. If you need to replace a school bag, we strongly recommend that you buy this bag.

Ms Dot du Toit is available on the following days and times:

- Until 27 November: every day until 13h00
- 2-4 December: 8h30 – 11h00
- 9 December: 8h30 – 11h00

Contact her on 062 132 0807 if you want to make an appointment.

## SPORTUITSLAE:

### TWEEKAMP

Die uitslae van die volgende Tweekamp-wedlope om vir Boland te kwalifiseer, is as volg:

9 November by Worcester Gimnasium

SO.17: Hugo Pretorius 2de  
Dirk Neethling 7de

16 November in Bredasdorp

DO.17: Rémy Wessels 4de  
SO.17: Hugo Pretorius 6de  
Dirk Uys 7de  
Dirk Neethling 9de  
Blake Edwards 10de  
Markus van der Walt 11de

Julle is bittreinders! Baie geluk!



## NUWE DEBIETORDERVORM

Ons het oorgeskakel na die nuwe finansiële d6+-stelsel, daarom het die debietordervorm verander. Die nuwe vorm is op d6+ se webtuiste gelaa, word ook op die whatsapp-groepe versprei en is by die skool beskikbaar.

Die debietordervorm vir Januarie 2025 moet voor 13 Desember ingegee word sodat dit voor 20 Desember 2024 op die stelsel gelaa kan word.

## NEW DEBIT ORDER FORM

Since we are using the new financial d6+ system, the debit order form has changed. The new form has been uploaded on d6+'s website, is also being distributed on the whatsapp groups and can be collected at the school.

The debit order form for January 2025 must be handed in before 13 December because it must be uploaded to the system before 20 December 2024.

## BACK-'N-BD

Hoërskool Bredasdorp bied baie geleenthede aan ons leerders en juis daarom blink hulle uit op vele terreine. Ongelukkig is daar leerders wat finansiële swaar kry. Hul ouers het dus op 'n paar terreine hulp nodig. Indien 'n oudskolier of besigheid graag 'n leerder op 'n manier wil help, is die volgende opsies moontlik:

- (a) Skooltas teen R670
- (b) Togsak vir sport teen R590 (groot) of teen R350 (klein)
- (c) Skoolbaadjie teen ongeveer R1200
- (d) Bydrae van R1000 vir sporttoerusting (bv. netbalskoene, hokkiestok, ensovoorts)
- (e) Praktiese vak, bv. Verbruikerstudies (Huishoudkunde), RTT (Rekenaarvak), IGO (Tegniese tekeninge) teen R500 per vak per jaar
- (f) Skoolgeld vir 2025 teen R31 136.00 per jaar per kind
- (g) Koshuisgeld vir 2025 teen R30 360.00 per jaar per kind

Skakel gerus die skoolhoof of vir me Marelise Nelson by 028 424 1210 of stuur 'n boodskap na [ontvangs@hsbredasdorp.co.za](mailto:ontvangs@hsbredasdorp.co.za) of [hoof@hsbredasdorp.co.za](mailto:hoof@hsbredasdorp.co.za) indien u 'n BD wil "back". Indien die skenker dit verlang, sal die naam van die leerder aan die skenker bekendgemaak word.

Ons reik ook 'n Artikel 18A-kwitansie uit indien 'n maatskappy of skenker dit vir belastingdoeleindes verlang.

## FAMILIE-DUINEDAG FONDSINSAMELING

Baie dankie aan elkeen wat die HSB Familie-Duinedag bygewoon het. Elkeen teenwoordig het die dag baie geniet en sien uit daarna om dit volgende jaar weer te doen. Mnr Hannes van der Merwe van VANVENTURES SA het die roete uitgewerk en verskeie VANVENTURES-pryse aan deelnemers oorhandig.

Ons wil graag die volgende persone en instansies bedank:

Die hoofborg van die dag: VANVENTURES SA (Hannes van der Merwe)

Die organiseerder: Vasie de Wet

Starsigns (plakkers)

Antoinette Events (hout)

NSRI (bystand)

André Swart vir beskikbaarstel van Renosterkop Duine





# ATKV LEIERSIMPOSIUM

Goudini Spa Rawsonville

2 - 5 DESEMBER 2024

"Leadership is practiced not so much in words as in attitude and in actions."  
- Harold Geneen



**IS JY...**

positief en entoesiasies oor Hoërskool Bredasdorp se toekoms;

bereid om die skool se doelwitte te ondersteun en bande tussen die skool en gemeenskap te versterk;

bereid om van jou tyd en energie by te dra?

**WYS JOU TROTS!**

'n Sterk gesonde hoërskool is tot voordeel van die hele gemeenskap.

**R150 AANSLUITINGSFOOI**

Om aan te sluit stuur whatsapp met jou naam na 083 324 2503

Hierdie is die laaste uitgawe van 2024.  
This is the last edition of 2024.

Mag almal 'n geseënde Kersvakansie geniet.  
May everyone enjoy a blessed Christmas holiday.

